

# Insiders - Outsiders


## Marié Britz

CRUX  
STUDENTEBEDIENING  
Tegenaar vir die lewe



## Insiders - Outsiders

**Paint by Numbers** het in die 1950's op die mark verskyn en binne 3 jaar is meer as 12 miljoen verfstelle verkoop. En die slagspreuk ("slogan") op die boks: "Elke mens 'n Rembrandt".



**Jesus kom leef op aarde in 'n tyd wat die godsdien van die dag beoefen was as Paint by Numbers.** Alles was binne blokkies, met baie spesifieke opdragte en kleure vir elke stukkie. Jy het dit nie gewaag om buite die lyne van die godsdienstige reëls te gaan of die vryheid te neem om ander kleure te gebruik nie. Daar was bepaalde reëls en dit het bepaal: goed en sleg, reg en verkeerd, binne en buite die lyne – *insiders* en *outsiders*!

**Wanneer Jesus kom leef as mens, waag Hy dit om oor die lyne in te kleur en ander helder kleure te gebruik:** Hy oortree die sabbatswet, hy raak aan melaatses, eet by Tollenaars en prostitute

ens. Hy praat oor liefde vir jou vyand en ander buite-die-lyne-om denke.

**'n Verhaal wat veral ook wys hoe Jesus oor die lyne verf is die verhaal in Johannes 8:1-11.**

1 Hierna is hulle elkeen na sy huis toe, maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer. 3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. 4 Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?" 6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. 7 Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi." 8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. 9 Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. 10 Toe het Hy

*'n Rivier van Lewende Water*

regop gekom en vir haar gevra: “Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?” 11 “Niemand nie, Here,” sê sy. Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”


Wat gebeur in die verhaal? Die Christelike leiers kom en wys vir Jesus die vrou se sonde uit – hoe sy oor die lyne geverf het. Hoe sy verkeerde kleure vir die blokkies gebruik het. En dan kom Jesus en met een verfstreep kom trek Hy ’n streep deur hierdie veroordeling as hy sê: “Laat die een van julle wat ’n skoon gewete het, eerste ’n klip op haar gooi.” En hy gee as’t ware vir haar ’n skoon en nuwe *canvas* om haar lewe op te skilder met die woorde: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”

Waar Christene hulle geloof sien as “paint by numbers” doen dit skade aan die naam/“Handelsmerk” – Christen. Dit gee ’n valse en afgewaterde beeld.

Byvoorbeeld:

**Die storie van ’n vrou met baie seer:** *“At last I asked if she had ever thought of going to a church for help. I will never forget the look of pure, naïve shock that crossed her face. “Church!” she cried. Why would I ever go there? I was already feeling terrible about myself. They’d just make me feel worse.”*

**Van Gogh se skildery.... “Kerk sonder deure”** Die skildery van die kerk sonder deure wat **Van Gogh** geskilder het wys iets hiervan vir ons: Die kerk is pragtig mooi, met helder kleure, maar sonder deure waar mens kan inkom en kan deel wees....dit is so dikwels ’n plek wat uitsluit en buite hou!



Onthou **Johannes 13:35**: “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is.”

**Dissipels van Jesus was mense wat geleef het soos Jesus geleef het.** Jesus het nie geleef volgens “paint by numbers” nie. Hy het oral oor die grense en lyne roekeloos sy liefde en genade bewys.

Christene/Dissipels van Jesus is mense wat ’n **skoon wit canvas kry** en met die verf van genade en liefde en vergifnis, soos die Groot Kunstenaar van die Lewe, buite die lyne om met God se liefde en genade kunswerke skep met hulle lewens. (Paulus gebruik juis die woord *poieema*, wat ‘God se kunswerk’ beteken, as hy van die mens praat.)

**Wanneer ons so leef sal ons lewens kunswerke wees wat mense nader lok en met verwondering daarna laat kyk.** Wat mense sal laat laat vra: Vertel vir my die storie van hierdie kunswerk? Wie het jou geleer? Watter verf gebruik jy? Waar vind jy jou inspirasie?

# Insiders - Outsiders


## Marié Britz

CRUX  
STUDENTEBEDIENING  
Tegenaar vir die lewe



## Insiders - Outsiders

**Paint by Numbers** het in die 1950's op die mark verskyn en binne 3 jaar is meer as 12 miljoen verfstelle verkoop. En die slagspreuk ("slogan") op die boks: "Elke mens 'n Rembrandt".



**Jesus kom leef op aarde in 'n tyd wat die godsdienste van die dag beoefen was as Paint by Numbers.** Alles was binne blokkies, met baie spesifieke opdragte en kleure vir elke stukkie. Jy het dit nie gewaag om buite die lyne van die godsdienstige reëls te gaan of die vryheid te neem om ander kleure te gebruik nie. Daar was bepaalde reëls en dit het bepaal: goed en sleg, reg en verkeerd, binne en buite die lyne – *insiders* en *outsiders*!

**Wanneer Jesus kom leef as mens, waag Hy dit om oor die lyne in te kleur en ander helder kleure te gebruik:** Hy oortree die sabbatswet, hy raak aan melaatses, eet by Tollenaars en prostitute

ens. Hy praat oor liefde vir jou vyand en ander buite-die-lyne-om denke.

**'n Verhaal wat veral ook wys hoe Jesus oor die lyne verf is die verhaal in Johannes 8:1-11.**

1 Hierna is hulle elkeen na sy huis toe, maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan. 2 Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer. 3 Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan. 4 Hulle het vir Hom gesê: "Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het. 5 Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?" 6 Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe. 7 Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: "Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi." 8 Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe. 9 Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense. 10 Toe het Hy

*'n Rivier van Lewende Water*

regop gekom en vir haar gevra: “Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?” 11 “Niemand nie, Here,” sê sy. Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”


Wat gebeur in die verhaal? Die Christelike leiers kom en wys vir Jesus die vrou se sonde uit – hoe sy oor die lyne geverf het. Hoe sy verkeerde kleure vir die blokkies gebruik het. En dan kom Jesus en met een verfstreep kom trek Hy ’n streep deur hierdie veroordeling as hy sê: “Laat die een van julle wat ’n skoon gewete het, eerste ’n klip op haar gooi.” En hy gee as’t ware vir haar ’n skoon en nuwe *canvas* om haar lewe op te skilder met die woorde: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”

Waar Christene hulle geloof sien as “paint by numbers” doen dit skade aan die naam/“Handelsmerk” – Christen. Dit gee ’n valse en afgewaterde beeld.

Byvoorbeeld:

**Die storie van ’n vrou met baie seer:** *“At last I asked if she had ever thought of going to a church for help. I will never forget the look of pure, naïve shock that crossed her face. “Church!” she cried. Why would I ever go there? I was already feeling terrible about myself. They’d just make me feel worse.”*

**Van Gogh se skildery.... “Kerk sonder deure”** Die skildery van die kerk sonder deure wat **Van Gogh** geskilder het wys iets hiervan vir ons: Die kerk is pragtig mooi, met helder kleure, maar sonder deure waar mens kan inkom en kan deel wees....dit is so dikwels ’n plek wat uitsluit en buite hou!



Onthou **Johannes 13:35**: “As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van my is.”

**Dissipels van Jesus was mense wat geleef het soos Jesus geleef het.** Jesus het nie geleef volgens “paint by numbers” nie. Hy het oral oor die grense en lyne roekeloos sy liefde en genade bewys.

Christene/Dissipels van Jesus is mense wat ’n **skoon wit canvas kry** en met die verf van genade en liefde en vergifnis, soos die Groot Kunstenaar van die Lewe, buite die lyne om met God se liefde en genade kunswerke skep met hulle lewens. (Paulus gebruik juis die woord *poieema*, wat ‘God se kunswerk’ beteken, as hy van die mens praat.)

**Wanneer ons so leef sal ons lewens kunswerke wees wat mense nader lok en met verwondering daarna laat kyk.** Wat mense sal laat laat vra: Vertel vir my die storie van hierdie kunswerk? Wie het jou geleer? Watter verf gebruik jy? Waar vind jy jou inspirasie?

'n Rivier van Lewende Water